


INSKERPINGS- OEFENING VIR GRADE 10-12 HT

Deur: Ezilda Fouché, Hoërskool Parys

VRAAG 1:

ADVERTENSIE

Lees die advertensie uit *Kuier en Kook* van Junie 2016 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



SUIWER GOUD!

1. Ons het nog altyd geweet ons suiwelprodukte is tops, maar dit is nou amptelik: twee van ons Private Label-produkte het met die louere weggestap in die 2016 SA Suiwelkampioenskap.
2. Ons PnP fetakaas met swartpeperkorrels en PnP vetvrye vanieljejogurt is albei as wenner in hul onderskeie (1.8) kategorie aangewys, terwyl nog vyf Private Label-produkte naaswenner was.
3. Kyk in die winkel uit vir die stempel van goedkeuring wat binnekort op die 1.9 verpak-king te sien sal wees.
4. Ons 1.10 (ambisie) kaasmakers wil nie te veel spog nie, **maar** ons suiwel is suiwel goud!

Pick n Pay



- 1.1 Skryf die woord uit die advertensie neer wat die eerste diftong bevat. Onderstreep die diftong. (1)
- 1.2 Benoem die onderstreepte klank: **goud** (1)
- 1.3 Verduidelik die gebruik van die komma in paragraaf 1 reël 1. (1)
- 1.4 Hoe verskil die woordsoortlike funksie van die woord ons in die volgende sin van mekaar:
Ons het nog altyd geweet ons suiwelprodukte is tops. (2)
- 1.5 Benoem die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 1. (1)
- 1.6 Watter idiomatiese uitdrukking word in die teks gebruik om aan te toon dat die kaasprodukte die kampioenskap gewen het? (1)
- 1.7 Skryf die volgende sin in die bedrywende vorm:
Ons fetakaas en vetvrye vanieljejogurt is albei as wenners aangewys. (1)
- 1.8 Gee die meervoud van die woord tussen hakies in paragraaf 2. (1)
- 1.9 Gee die stam van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)
- 1.10 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies in paragraaf 2. (1)
- 1.11 Wat is die funksie van die postmorfeem in die woord kaasmakers? (1)
- 1.12 Die donkergedrukte woord in paragraaf 4 word gebruik as 'n voegwoord. Gebruik nou die woord as 'n bywoord van modaliteit in 'n sin. (1)
- 1.13 Is die visuele voorstelling in die advertensie funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.14 Lewer kritiese kommentaar op die gepastheid daarvan al dan nie om suiwel te vergelyk met goud. (1)

[15]

EN

VRAAG 2:

VISUELE TEKS

Lees en kyk na die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae



[Beeld, 11 September 2014]

Taalstrukture- en konvensies

- 2.1 Waarvoor staan die afkorting SA binne konteks van die sin waarin dit in die visuele teks voorkom? (1)
- 2.2 Waarom word hond**d** met 'n [d] geskryf, maar kant**t** met 'n [t]? (1)
- 2.3 Verklaar die gebruik van die kappie op die woord **wêreld**. (1)
- 2.4 Hoe word die inwoners van Skotland genoem? (1)
- 2.5 Benoem die klankverskynsel wat by die uitspraak van die onderstreepte woorde plaasvind. Nommer jou antwoorde 2.5.1 – 2.5.3. (3)
- 2.6 In die hond se praatborrel is daar 2 opsetlike spelfoute gemaak. Skryf die woorde korrek oor. (2)
- 2.7 Skryf die eerste sin van die praatborrel in die toekomstige tyd oor. (1)
- 2.8 Skryf die woord daar oor en voeg aksenttekens op om dit te beklemtoon. (1)
- 2.9 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
Die skape het (dissipline) probleme. (1)
- 2.10 Brei die laaste sin in die praatborrel uit met 'n bywoordelike bysin. (1)
- 2.11 Waarom is die idioom “kon nie 'n hond haaraf maak nie” gepas? (1)
- 2.12 Hoe ondersteun die tipografie van die woorde in die hond se praatborrel die inhoud daarvan? (1)

[15]

VRAAG 3:

TEKS

Lees die volgende gewysigde uittreksel uit www.mieliestronk.com en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Swem in jou reënboog terug na die son ...

1. Natalie Du Toit het net een en 'n halwe been. Haar linkeronderbeen is in Februarie 2001 geëamputeur nadat sy met haar bromponie in 'n ongeluk betrokke was.
2. Natalie onthou hoe geskok sy was. Sy het oor en oor gesê: “Ek het my been verloor”!
3. Die dokters het verbete probeer om haar been te red, maar hulle moes dae later haar onderbeen afsit.
4. Verreweg die meeste swemmers sou vra watter toekoms daar kan wees vir enige liggaamlik gestremde atleet in 'n hoogs mededigende, 3.9 genadelose wêreld.

5. Nie vir die 3.10 (ideaal) Natalie nie. Daarvoor was haar 3.11 (deur + sit + vermoë) en haar drome eenvoudig te groot. Sy sou die reënboog bokant die storm raaksien – en doelgerig daarteen uitswem terug na die son.
6. By die Statebondspele in Engeland in 2002 het sy haar as agtienjarige met wêreldrekordtye in vryslagnummers vir veelgestremdes onderskei. Sy maak toe sportgeskiedenis deur vir die finaal van die 800m-vryslag vir niegestremdes te kwalifiseer.
7. Dit was die eerste keer dat 'n gestremde atleet die finaal van 'n nommer vir niegestremdes in 'n internasionale swemkompetisie kon haal. Sy is met die eerste David Dixon-toekenning as Uitmuntende Atleet van die Spele vereer.



- 3.1 Gee die **meervoud** van die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)
- 3.2 'n **Hoofletterfout** is opsetlik in paragraaf 1 begaan. Korreger dit deur die frase korrek oor te skryf en die verandering te onderstreep. (1)
- 3.3 EEN opsetlike **spelfout** is in paragraaf 1 gemaak. Korreger die spelfout deur die woorde korrek neer te skryf. (1)
- 3.4 Skryf die bywoordelike bysin van tyd neer wat in paragraaf 1 voorkom. (1)
- 3.5 In paragraaf 2 is 'n **leestekenfout** begaan. Skryf die frase oor, verbeter die leestekenfout en trek 'n blokkie om die verandering wat u aangebring het. (1)
- 3.6 Skryf die direkte woorde van Natalie in paragraaf 2 sin 2 oor in die indirekte rede. (1)
- 3.7 Skryf die infinitief wat in paragraaf 3 voorkom neer. (1)
- 3.8 Sal die woord dokters in paragraaf 3 vervang kan word met doktore? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.9 Wat is die **funksie** van die **postmorfeem** in die onderstreepte woord in paragraaf 4? (1)
- 3.10 Vorm deur middel van 'n postmorfeem die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies in paragraaf 5. (1)
- 3.11 Gee die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies:
Daarvoor was haar (deur + sit + vermoë) eenvoudig te groot. (1)
- 3.12 Skryf die onderstreepte deel in paragraaf 5 oor in die lydende vorm. (1)
- 3.13 Verander die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 6 na 'n bywoordelike bysin van rede. (1)
- 3.14 Verduidelik die funksie van die **koppeltekens** in die onderstaande sin:
Sy het vir die finaal van die 800m-vryslag vir niegestremdes gekwalifiseer. (1)
- 3.15 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 7 as 'n oorganklike selfstandige werkwoord in 'n sin. (1)

[15]

TOTAAL [45]

MEMORANDUM: INSKERPINGSOEFFEINGE

TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Nasien van hierdie afdeling:

Spelling

- Eenwoord-antwoorde word nie geenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
- In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
- Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

VRAAG 1: ADVERTENSIE

Nr.	Antwoord	Denkvlak	Punt
1.1	suiwer✓	1	(1)
1.2	frikatief✓	1	(1)
1.3	Kommas word gebruik voor voegwoorde (maar, want)✓	3	(1)
1.4	Die eerste ons is 'n persoonlike voornaamwoord✓ en die tweede ons is 'n besitlike voornaamwoord✓	3	(2)
1.5	Neweskikkende sin: teenstellend✓	5	(1)
1.6	Met die louere weggestap✓	2	(1)
1.7	Hulle het ons fetakaas en vetvrye vanieljejogurt as wenners aangewys.✓	6	(1)
1.8	Kategorieë✓	1	(1)
1.9	pak✓	3	(1)
1.10	ambisieuse✓	3	(1)
1.11	Dit maak van die woord 'n persoonsnaam/meervoud.✓	3	(1)
1.12	Die kaas is <u>maar</u> lekker!	3	(1)
1.13	Ja dit is funksioneel, want die foto van die kaas lig die leser dadelik in oor die aard van die advertensie/lyk aantreklik.✓	4	(1)

1.14	Dit is 'n goeie vergelyking, aangesien dit kan verwys na die kleur van goud en kaas wat dieselfde is/hierdie kaas se waarde is net so goed soos goud se waarde✓ (Enige soortgelyke motivering.)	5	(1)
			[15]

VRAAG 2:

VISUELE TEKS

Nr.	Antwoord	Denkvlak	Punt
2.1	Suid-Afrikaanse✓	1	(1)
2.2	Beginsel van gelykvormigheid. Die woord in sy meervoud/afleidings moet op dieselfde manier gespel word: honde/hondehok en kante/kantgordyn.✓	3	(1)
2.3	Kappie staan bo 'n lang oop lettergreep.✓	2	(1)
2.4	Skotte✓	1	(1)
2.5.1	Assimilasie✓	3	(1)
2.5.2	Nasalering✓	3	(1)
2.5.3	ontronding✓	3	(1)
2.6	groter✓ aggressief✓	2	(2)
2.7	Ons sal nie 'n kans staan nie.✓	3	(1)
2.8	dáár✓	1	(1)
2.9	dissiplinêre✓	2	(1)
2.10	Ons was totaal vreesbevange omdat/aangesien hulle so groot was/nadat ons hulle gesien het/sodat ons niks kon doen nie.✓ (Let daarop dat die bysin ingelei moet word deur 'n gepaste voegwoord en dat dit 'n werkwoord in het. Bywoordelike bysinne dui bv. die tyd, plek, rede, doel ens. aan.)	6	(1)
2.11	Die gebruik van die woord hond in die idioom beklemtoon/verwys na die honde wat misluk het/woordspeling.✓	5	(1)
2.12	Die tipografie is donker gedruk en dit pas by die hiperbole/oordrywing wat die hond gebruik.✓	4	(1)
			[15]

VRAAG 3:

ARTIKEL

Nr.	Antwoord	Denkvlak	Punt
3.1	Du Toits✓	1	(1)
3.2	<u>du</u> Toit✓	2	(1)
3.3	geamputeer✓	3	(1)
3.4	Nadat sy met haar bromponie in 'n ongeluk betrokke was.	6	(1)
3.5	... verloor!" ✓	3	(1)
3.6	Sy het oor en oor gesê dat sy haar been verloor het.✓ (die hele sin moet reg wees om 'n punt te verdien)	6	(1)
3.7	(om te) red✓	3	(1)
3.8	Nee, dit sal nie met doktore vervang kan word nie, want dokters is mediese dokters terwyl doktore ook doktorsgrade in ander spesialiteitsrigtings soos Lettere, Rekeningkunde, Wiskunde ens. kon verwerf.	3	(1)
3.9	sonder✓	3	(1)
3.10	idealistiese✓	2	(1)
3.11	deursettingsvermoë✓	4	(1)
3.12	Die reënboog bokant die storm sou (deur haar) raakgesien word.✓	6	(1)
3.13	Omdat sy vir die finaal van die 800m-vryslag vir niegestremdes gekwalifiseer het.	6	(1)
3.14	Samestelling met 'n afkorting/letter.✓	2	(1)
3.15	Ek <u>was</u> die hond in die water. ✓ (LW: die werkwoord was moet deur 'n direkte voorwerp gevolg word.)	4	(1)
			[15]
		Totaal:	45

